higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 4

(12020524)

22 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

478Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STEENWERK
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: ALGEMEEN

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Indien pleister as enkellaag aangewend word, moet dit 110 tot 330 mm dik wees.

1.2 Nabehandeling is die proses waarvolgens die bouklei in die steenwerkmuur vol water word.

1.3 'n Muurgleuf is 'n beplande openinge in 'n substraatmuur.

1.4 Ons gebruik 'n dieptemaat om die dikte van pleister wat in 'n enkele aanwending aangewend word, te meet.

1.5 Die enigste materiaal wat nodig is om gidspleister of toplae te lê is staal en water.

1.6 'n Doeltreffende manier om die substraat grof te maak, is om dit met 'n pik te kap.

1.7 Water moet nooit bygevoeg word wanneer 'n mens tydens afstryking of troffelwerk dink dat die oppervlak te styf of te hard is nie.

1.8 Om 'n ware horisontale lyn te merk om die beginlaag van teëls te posisioneer, kan 'n slaglyn of 'n lugbelwaterpas gebruik word.

1.9 Laat die spasieerders in posisie totdat die kleefmiddel genoeg gebind het om te voorkom dat die teëls uit lyn uit skuif.

1.10 Gebruik 'n ingekeepte troffel om die teëlsement aan die muur (of vloer) wat geteël moet word, te smeer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2: PLEISTER

2.1 Benoem die volgende pleistertoerusting en gee EEN gebruik van elkeen.

2.1.1 

2.1.2



2.1.3



2.1.4



2.1.5



(5 × 2) (10)

2.2 Noem VYF stappe in die voorbereiding en pleister van 'n nuwe muur om 'n gladde, gelyk afwerking te verkry. (5)

2.3 Verduidelik hoe gietbeton ('off-shutter concrete') vir pleisterwerk voorberei word. (5)

2.4 Wat is 'n messelvoeg ('mortar joint')? (2)

2.5 Bespreek hoe 'n reihout gebruik word om die gelykheid van 'n gepleisterde oppervlak te verseker. (5)

2.6 Noem DRIE eienskappe waaroor 'n pleistermengsel moet beskik. (3)

[30]

VRAAG 3: GIDSPLEISTER EN TOPLAE

3.1 Bespreek die verskil tussen gidspleister ('screeds') en toplae ('toppings'). (6)

3.2 Noem VIER goed waarvoor 'n mens op die uitkyk moet wees wanneer die substraat gereed is om die gidspleister of toplaag aan te wend. (4)

3.3 Noem VIER maniere waarop die betononderlaag grof gemaak kan word om 'n behoorlike verbinding met die gidspleister of toplaag moontlik te maak. (4)

3.4 Verduidelik hoedat die betononderlaag vir die lê van gidspleister of 'n toplaag voorberei moet word. (5)

3.5 Wat is 'n tussenlaag ('intercoat') of flodderlaag ('slush coat')? (3)

3.6 Gee die redes waarom toplae en gidspleister somtyds met ’n kragstryker afgestryk ('power floated') word. (3)

3.7 Verduidelik waarom droë sement nie op die oppervlak gestrooi kan word om syferwater te absorbeer nie. (4)

3.8 Vir hoe lank moet die oppervlak verseël word om met nabehandeling te help? (1)
[30]

VRAAG 4: TEËLWERK

4.1 Wat is die minimum tydinterval tussen elk van die volgende:

4.1.1 Die voltooiing van 'n steenmuur en die pleister van die muur (1)

4.1.2 Die voltooiing van die pleisterwerk en die begin van teëlwerk (1)

4.2 Noem VYF gereedskap wat 'n mens vir teëlwerk gebruik. (5)

4.3 Verduidelik waarom uitlate verstop moet word voordat 'n mens begin teël. (1)

4.4 Wat is voegbry en waarvoor word dit gebruik? (2)

4.5 Verduidelik die verskil tussen *poreuse teëls* en *nieporeuse teëls*. (2)

4.6 Wat is die minimum breedte van 'n bewegingslas tussen teëlpanele? (1)

4.7 Noem VYF tipes seëlmiddels vir teëls en verduidelik wanneer dit gebruik sal word. Bied jou antwoord in tabelvorm aan.
(5 × 2) (10)

4.8 Verduidelik die stappe in die meng van voegbry. (5)

4.9 Hoe kontroleer 'n mens dat die kleefmiddel eweredig aan die onderkant van die teël versprei is? (1)

4.10 Waarom moet voegbry nie met kaal hande hanteer word nie? (1)
[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou